# AANKONDIGING VAN TUSSENTYDSE RESULTATE

**MEDIA24 BEHEREND EIENDOMS BEPERK**
(GEÏNKORPOREER IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA)
(REGISTRASIENOMMER: 2006/021408/07)
(MEDIA24)

Verkorte gekonsolideerde tussentydse resultate van die Media24-groep vir die ses maande geëindig 30 September 2020

WELKOM YIZANI

Media24 het in die halfjaar tot September 2020 die volle impak van die Covid-19-pandemie gevoel, met handelsresultate wat heelwat gedaal het teenoor die vergelykbare tydperk in 2019. Sterk vertonings in ons digitale en e-handelsverwante ondernemings het die impak op ons reeds kwesbare drukmediabedrywighede net gedeeltelik teengewerk. Ons fokus in die oorsigtydperk was dus om verliese te versag en bedrywighede in lyn te bring met die hoogs uitdagende handelsrealiteite. Gevolglik het ons 'n sterk fondasie behou om ons strategiese reis voort te sit om 'n volhoubare toekoms vir Media24 in 'n toenemend digitale landskap te bou.

**FINANSIËLE OORSIG**

Media24 se omset van R1.9mjd was 19% laer as die vorige jaar en die handelsverlies van R387m was jaar tot jaar R359m hoër weens die ekonomiese impak van Covid-19 en die regering se inperkingsmaatreëls in Suid-Afrika. Kernwesensverdienste vir die tydperk het gedaal, van 'n wins van R63m tot 'n verlies van R315m.

Die impak van Covid-19, tesame met die voortslepende strukturele inkrimping van inkomste uit drukmedia, het by die mediabesigheid (Engelse Nuus, Afrikaanse Nuus, Leefstyl, On the Dot (verspreiding), 24.com en TV) tot 'n jaar-tot-jaar-omsetdaling van 30% (-R587m) en 'n verlies van R198m gelei. Die boekebesigheid het 'n omsetdaling van 38% (-R97m) en 'n verlies van R46m aangeteken weens handelsbeperkings tydens die staat van inperking.

Inkomste uit die e-handelsportefeulje (FUSA (Fashion United SA), Kontraklogistiek en Careers24) het jaar tot jaar met 40% gestyg, hoofsaaklik danksy robuuste groei in ons aanlynmodebesigheid, Superbalist, terwyl Kontraklogistiek voordeel getrek het uit hoër aanlynvervullingsvolumes. Handelsresultate het verbeter van 'n verlies van R90m tot 'n verlies van R76m.

Kontant aangewend in bedryfsaktiwiteite het van R141m tot R312m gestyg weens die groter handelsverlies vir die tydperk. Laer jaar-tot-jaar-inkomste uit beleggings en rente het verder bygedra tot die daling in die kontantbalans van R1.1mjd in Maart 2020 tot R762m in September 2020.

**WERKSAAMHEDE**

Media24 se nuwe boekjaar het minder as 'n week ná die instel van die streng inperking (vlak 5) weens die Covid-19-pandemie begin, met regulasies wat die verspreiding en verkoop van drukmedia ingekort en algemene handel tot noodsaaklike goedere, hoofsaaklik kos, beperk het. Hierdie beperkings is baie geleidelik verslap totdat vlak 1 op 21 September bereik is, net 'n paar dae voor die einde van die eerste helfte van die jaar.

Vanaf die begindae van die pandemie in Suid-Afrika het ons met alles wat ons doen op twee prioriteite gefokus: die gesondheid en veiligheid van ons mense en sakekontinuïteit. Ons het sakekontinuïteitsplanne bygewerk en geïmplementeer, ingrepe bekendgemaak om verliese te beperk – salarisverhogings vir 2020 is onder meer opgeskort, 'n moratorium is geplaas op alle aanstellings buiten die mees noodsaaklike en alle diskresionêre besteding is gesny – en personeel is reeds voor die staat van inperking van die huis af laat werk. Hierdie aksies het ons in staat gestel om voor te bly toe die pandemie sy loop begin neem het en om poste so lank as moontlik te beskerm. Dit was egter duidelik dat die pandemie 'n uitwerking op ons besigheid gehad het.

Aan die een kant het ons digitalemediakanale die 24/7-nuussiklus feitlik ononderbroke voortgesit, met verkeer wat tot nuwe rekordvlakke opgeskiet het. Gemiddelde daaglikse unieke blaaiers in al Media24 se digitale eiendomme het gedurende die eerste ses maande van FJ21 met 21% gestyg tot 2.5m teenoor die gemiddelde vir FJ20, terwyl ons digitale nuushandelsmerke, News24 en Netwerk24, hul gesamentlike gemiddelde daaglikse blaaiers met 49% gegroei het tot byna 1.8m. Netwerk24, die Afrikaanse betaalmuurnuuswerf, het sy sterk intekenaargroei volgehou en die tydperk 34% jaar tot jaar hoër afgesluit met bykans 71 500 intekenare. News24 het sy intekenaardiens op 8 Augustus 2020 bekendgestel en teen die einde van September reeds nagenoeg 20 000 intekenare gewerf.

Die nuus- en kommersiële spanne by 24.com het twee WAN-IFRA African Digital Media-pryse gewen. Ons is veral trots dat News24 vir die tweede opeenvolgende jaar deur die Reuters-instituut aangewys is as Suid-Afrika se mees vertroude digitalenuushandelsmerk.

Ons e-handelsvervullingsbesigheid het munt geslaan uit die stewige groei in aanlyn handel tydens die staat van inperking, met volumes wat jaar tot jaar 129% gegroei het. Ons belegging in FUSA, wat sake doen as Superbalist, het eweneens gebaat by die opbloei in e-handel en voortgegaan om 'n sterk omset te lewer. Careers24, ons aanlynwerwingsportaal en tuiste van die kandidaatmoniteringstelsel Simplify, is nie meer belas met die verliesmakende Nigeriese besigheid nie en staan sy man in 'n werksmark wat onder geweldige druk verkeer.

Aan die ander kant is ons drukmediabedrywighede lamgelê deur die impak van die pandemie op sirkulasie- en advertensie-inkomste, nie net by Media24 nie maar in die bedryf as geheel. Lank gevestigde publikasie- en verspreidingsmodelle is omvergegooi deur regulasies en beperkings; in so 'n mate dat nie een koerantuitgewer in die land data vir bevestiging by die Ouditburo van Sirkulasie kon indien nie. In die tydskrifbedryf het Caxton sy afdeling vir verbruikerstydskrifte gesluit en Associated Media het sy deure permanent gesluit.

Bo en behalwe die vroeë ingrepe om verliese te beperk het Media24 ook in Julie met 'n grootskaalse herstrukturering van sy drukmediabedrywighede begin. Ons het onder meer vyf tydskrifte (Men's Health, Women's Health, Runner's World, Bicycling en Move!) en twee koerante (Son op Sondag en Sunday Sun) gesluit, drie koerante (Volksblad, Die Burger Oos-Kaap en Son Oos-Kaap) en een tydskrif (DRUM) net digitaal begin uitgee, die redaksionele produksie van die oorblywende maandelikse tydskrifte uitgekontrakteer en hul frekwensie verminder. Ons het ook personeel in verwante steundienste- en korporatiewe afdelings minder gemaak, met bykans 610 poste wat besnoei is en ongeveer 510 mense uit 'n totale personeeltal van 2 971 uit diens gestel. 'n Koste van R66m is aangegaan om die personeeltal te verminder.

Die boekebesigheid is ook in die vroeë stadiums van inperking deur handelsbeperkings gekortwiek, maar sowel NB Uitgewers as Jonathan Ball Publishers het hul posisies as markleiers met sterk publikasieprogramme behou. Aan die skolekant is Via Afrika geraak deur 'n vertraging in bestellings deur alle provinsies in Suid-Afrika, terwyl Collegium in Botswana veel hoër as verwagte bestellings vir primêre skole ontvang het. NB Uitgewers se skrywers het talle literêre pryse gewen, insluitend Zirk van den Berg wat 'n driekuns behaal het met sy roman, Ek wens, ek wens, wat met die WA Hofmeyr-prys en twee kykNET-Rapport-pryse (vir beste Afrikaanse fiksie en die mees verfilmbare Afrikaanse boek) bekroon is. Icon Books, die Britse uitgewer wat in April 2020 deur ons verkry is, het sterk verkope behaal in wat steeds 'n baie goeie mark vir boeke is.

Ons televisiebesigheid begin tot sy reg kom. VIA het sy groot reikwydte in die Afrikaanse mark behou en die totale kykertal het gestabiliseer ná 'n skerp piek tydens die streng inperkings. POP!, die nuwe interne produksie-eenheid, het sedert sy begin in April bykans 15 produksies gelewer wat ook vir ander platforms en kanale by Media24 gebruik gaan word. Ons het 'n kontrak met MultiChoice gesluit om 'n nuwe Pan-Afrika-leefstylkanaal genaamd Honey te begin waarvan die beplande bekendstelling in Februarie 2021 op DStv sal wees.

Namens die direksie

**Rachel Jafta**
*Voorsitter*

**Ishmet Davidson**
*Uitvoerende hoof*

Kaapstad
23 November 2020

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

| | Aantekeninge | Ses maande geëindig 30 September 2020 Nagegaan R'm | Ses maande geëindig 30 September 2019 Nagegaan R'm | Jaar geëindig 31 Maart 2020 Geouditeer R'm |
|---|---|---|---|---|
| Inkomste uit kontrakte met kliënte | 13 | **1 914** | 2 351 | 4 789 |
| Koste om dienste te lewer en goedere te verkoop | | **(1 638)** | (1 700) | (3 476) |
| Verkoops-, algemene en administratiewe uitgawes | | **(679)** | (706) | (1 507) |
| Ander netto winste | 14 | **(50)** | 2 | (28) |
| **Bedryfsverlies** | | **(453)** | (53) | (222) |
| Rente ontvang | | **21** | 40 | 78 |
| Rente betaal | | **(9)** | (4) | (8) |
| Ander netto finansieringskoste | | **(1)** | 1 | (4) |
| Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate (geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings) | | **8** | 9 | 20 |
| Wins met verkrygings en verkoop van beleggings | | **9** | 1 | 30 |
| **Verlies voor belasting** | | **(425)** | (6) | (106) |
| Belasting | | **5** | (29) | (35) |
| **Verlies vir die tydperk** | | **(420)** | (35) | (141) |
| **Toeskryfbaar aan:** | | | | |
| Aandeelhouers van die groep | | **(373)** | 1 | (48) |
| Nie-beherende belang | | **(47)** | (36) | (93) |
| | | **(420)** | (35) | (141) |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

| | Aantekening | Ses maande geëindig 30 September 2020 Nagegaan R'm | Ses maande geëindig 30 September 2019 Nagegaan R'm | Jaar geëindig 31 Maart 2020 Geouditeer R'm |
|---|---|---|---|---|
| **Verlies vir die tydperk** | | **(420)** | (35) | (141) |
| **Totale ander omvattende verlies, ná belasting, vir die tydperk** | | **(74)** | (84) | (126) |
| Aktuariële hermetingsreserwe | | **–** | – | 11 |
| Billikewaarde-reserwe | 9 | **(73)** | (84) | (140) |
| Beweging in ander reserwes | | **(1)** | – | 3 |
| **Totale omvattende verlies vir die tydperk** | | **(494)** | (119) | (267) |
| **Toeskryfbaar aan:** | | | | |
| Aandeelhouers van die groep | | **(447)** | (83) | (174) |
| Nie-beherende belang | | **(47)** | (36) | (93) |
| | | **(494)** | (119) | (267) |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

| | Ses maande geëindig 30 September 2020 Nagegaan R'm | Ses maande geëindig 30 September 2019 Nagegaan R'm | Jaar geëindig 31 Maart 2020 Geouditeer R'm |
|---|---|---|---|
| **Saldo aan die begin van die tydperk** | **1 348** | 1 109 | 1 109 |
| **Totale omvattende verlies vir die tydperk** | **(447)** | (83) | (174) |
| **Veranderings in ander reserwes** | **(26)** | (8) | 561 |
| Beweging in aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe | **8** | 4 | 11 |
| Beweging in ander reserwes | **–** | 15 | 572 |
| Beweging in behoue verdienste | **8** | 15 | 20 |
| Dividende aan aandeelhouers betaal | **(42)** | (42) | (42) |
| **Veranderings in nie-beherende belang** | **(51)** | (86) | (148) |
| Totale omvattende inkomste vir die tydperk | **(47)** | (36) | (93) |
| Dividende aan minderhede betaal | **(4)** | (13) | (18) |
| Beweging in nie-beherende belang in reserwes | **–** | (37) | (37) |
| **Saldo aan die einde van die tydperk** | **824** | 932 | 1 348 |
| **Bestaande uit:** | | | |
| Aandelekapitaal en -premie | **4 867** | 4 867 | 4 867 |
| Opgelope verlies | **(3 287)** | (2 838) | (2 881) |
| Aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe | **30** | 15 | 22 |
| Bestaandebeheer-besigheidsamevoegingsreserwe | **(3 420)** | (3 418) | (3 420) |
| Kapitaalbydrae | **3 076** | 2 517 | 3 076 |
| Aktuariële hermetingsreserwe | **(24)** | (34) | (24) |
| Billikewaarde-reserwe | **(413)** | (284) | (340) |
| Valutaomrekeningsreserwe | **3** | 2 | 5 |
| Nie-beherende belang | **(8)** | 105 | 43 |
| **Totaal** | **824** | 932 | 1 348 |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

| | Aantekeninge | 30 September 2020 Nagegaan R'm | 30 September 2019 Nagegaan R'm | 31 Maart 2020 Geouditeer R'm |
|---|---|---|---|---|
| **BATES** | | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | | **675** | 968 | 756 |
| Eiendom, aanleg en toerusting | 7 | **278** | 365 | 241 |
| Klandisiewaarde | 8 | **223** | 235 | 229 |
| Ontasbare bates | | **94** | 166 | 122 |
| Beleggings in gesamentlike ondernemings | | **21** | 17 | 32 |
| Beleggings en lenings | 9 | **46** | 174 | 119 |
| Uitgestelde belasting | | **13** | 11 | 13 |
| **Bedryfsbates** | | **1 877** | 2 171 | 2 164 |
| Voorraad | 11 | **427** | 486 | 360 |
| Handelsdebiteure | 10 | **456** | 597 | 452 |
| Ander debiteure | | **93** | 80 | 115 |
| Kontrakbates | 13 | **3** | 5 | 5 |
| Bedrae ontvangbaar van verwante partye | 17 | **18** | 8 | 3 |
| Afgeleide finansiële instrumente | 15 | **–** | 1 | 3 |
| Lenings en bedrae ontvangbaar | 17 | **601** | 828 | 909 |
| Kontant en kontantekwivalente | | **182** | 166 | 219 |
| Nie-bedryfsbates geklassifiseer as gehou vir verkoop | 12 | **97** | – | 98 |
| **Totale bates** | | **2 552** | 3 139 | 2 920 |
| **EKWITEIT** | | | | |
| **Kapitaal en reserwes toeskryfbaar aan die ekwiteitshouers van die groep** | | **832** | 827 | 1 305 |
| Aandelekapitaal en -premie | | **4 867** | 4 867 | 4 867 |
| Ander reserwes | | **(748)** | (1 202) | (681) |
| Opgelope verlies | | **(3 287)** | (2 838) | (2 881) |
| **Nie-beherende belang** | | **(8)** | 105 | 43 |
| **Totale ekwiteit** | | **824** | 932 | 1 348 |
| **Nie-bedryfslaste** | | **428** | 431 | 385 |
| Langtermynverpligtinge | | **50** | 42 | 21 |
| Uitgestelde belasting | | **23** | 30 | 26 |
| Nádiens- mediese verpligting | | **301** | 304 | 294 |
| Aandeelgebaseerde betalingsverpligting met kontant betaal | | **13** | 4 | 3 |
| Voorsienings | | **41** | 51 | 41 |
| **Bedryfslaste** | | **1 300** | 1 776 | 1 187 |
| Handelskrediteure | | **260** | 271 | 233 |
| Opgelope uitgawes en ander bedryfslaste | | **631** | 586 | 642 |
| Kontrakverpligtinge | 13 | **174** | 184 | 131 |
| Bedrae betaalbaar en lenings – verwante partye | 17 | **19** | 31 | 6 |
| Nádiens- mediese verpligting | | **29** | 24 | 29 |
| Lopende gedeelte van langtermynverpligtinge | | **26** | 58 | 26 |
| Lenings van groepmaatskappye | 17 | **140** | 586 | 97 |
| Afgeleide finansiële instrumente | 15 | **1** | – | – |
| Voorsienings | | **20** | 36 | 23 |
| **Totale ekwiteit en verpligtinge** | | **2 552** | 3 139 | 2 920 |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

| | Aantekeninge | Ses maande geëindig 30 September 2020 Nagegaan R'm | Ses maande geëindig 30 September 2019 Nagegaan R'm | Jaar geëindig 31 Maart 2020 Geouditeer R'm |
|---|---|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | | | | |
| Kontant (aangewend in)/uit bedryfsaktiwiteite | 21 | **(312)** | (141) | 49 |
| Rente betaal | | **(10)** | (5) | (9) |
| Rente ontvang | | **23** | 41 | 79 |
| Dividende ontvang van beleggings en ekwiteitsverantwoorde maatskappye | | **20** | 51 | 34 |
| Belasting betaal | | **(3)** | (6) | (21) |
| ***Netto kontant (aangewend in)/uit bedryfsaktiwiteite*** | | **(282)** | (60) | 132 |
| **Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite** | | | | |
| ***Beleggingsaktiwiteite*** | | | | |
| Netto vervreemdings/(verkrygings) van tasbare en ontasbare bates | | **(17)** | 5 | (5) |
| Netto (verkrygings)/vervreemdings van filiale | | **(20)** | (2) | (15) |
| Netto vervreemding van geassosieerde maatskappy | | **–** | 3 | 3 |
| Addisionele belegging in bestaande gesamentlike onderneming | | **–** | – | (6) |
| Kontantbewegings in ander beleggings en lenings | | **–** | – | (44) |
| ***Netto kontant (aangewend in)/uit beleggingsaktiwiteite*** | | **(37)** | 6 | (67) |
| **Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite** | | | | |
| Terugbetaling van langtermynlenings | | **–** | – | (8) |
| Terugbetaling van gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge | | **(34)** | (18) | (38) |
| Intergroep- en verwanteparty-lenings verkry | 17 | **327** | 68 | 33 |
| Uitvloei van aandeelgebaseerde vergoedingstransaksie | | **–** | (6) | (8) |
| Addisionele belegging in bestaande filiale | | **–** | (15) | (15) |
| Dividende deur filiale betaal aan nie-beherende aandeelhouers | | **(4)** | (13) | (18) |
| Eksterne dividende betaal | | **(6)** | (6) | (6) |
| ***Netto kontant uit/(aangewend in) finansieringsaktiwiteite*** | | **283** | 10 | (60) |
| **Netto (afname)/toename in kontant en kontantekwivalente** | | **(36)** | (44) | 5 |
| **Valutaomrekeningseffek op kontant en kontantekwivalente** | | **(1)** | – | 4 |
| **Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk** | | **219** | 210 | 210 |
| **Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk** | | **182** | 166 | 219 |

## AANTEKENINGE BY DIE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE TUSSENTYDSE FINANSIËLE STATE

**1. Aanbiedingsgrondslag**

Die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state vir die ses maande geëindig 30 September 2020 is opgestel in ooreenstemming met die vereistes van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS), IAS 34 *Tussentydse Finansiële Verslagdoening,* en die Suid-Afrikaanse Maatskappywet. Die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state sluit nie al die openbaarmakings in wat vereis word vir volledige finansiële jaarstate wat opgestel word in ooreenstemming met IFRS soos uitgereik deur die Internasionale Raad op Rekeningkundige Standaarde (IASB) nie.

Die rekeningkundige beleid wat met die opstel van hierdie verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state gevolg is, is in ooreenstemming met IFRS en strook met die beleid wat in vorige gekonsolideerde finansiële jaarstate toegepas is.

**2. Opstelling**

Die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state is opgestel onder toesig van Media24 se groep- finansiële hoof, Mobasheer Patel GR(SA). Enige verwysing na toekomstige finansiële prestasie in hierdie aankondiging is nie deur die maatskappy se ouditeur nagegaan nie, en hy het nie daaroor verslag gedoen nie.

**3. Verslag van die onafhanklike ouditeur**

Die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state vir die ses maande geëindig 30 September 2020 is nagegaan deur die maatskappy se ouditeur, PricewaterhouseCoopers Geïnk., wat 'n ongewysigde gevolgtrekking daaroor uitgespreek het. Die nagaanmening dek nie noodwendig al die inligting in hierdie tussentydse verslag nie. 'n Afskrif van die ouditeur se verslag oor die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state is beskikbaar vir besigtiging by die maatskappy se geregistreerde kantoor.

**4. Gebruik van ramings en aannames**

Met die opstel van hierdie verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state was bestuur se wesenlike oordele in die toepassing van die groep se rekeningkundige beleid en die sleutelbronne van ramingsonsekerheid dieselfde as dié wat gegeld het vir die gekonsolideerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2020.

**5. Seisoenaliteit van bedrywighede**

As gevolg van die seisoenale aard van die groep se bedryfsegmente en die impak van die nasionale staat van inperking weens Covid-19 in die eerste helfte van die boekjaar, sal omset en bedryfswins in die tweede helfte van die jaar nie noodwendig met die eerste ses maande se syfers ooreenstem nie.

**6. Aanvaarding van nuwe en gewysigde rekeningkundige verklarings**

Geen gewysigde rekeningkundige verklarings wat op 1 April 2020 in werking getree het, het 'n wesenlike uitwerking op die groep se verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state gehad nie.

**7. Eiendom, aanleg en toerusting**

Met ingang van 1 April 2020 het Media24 Eiendoms Beperk 'n tweejaar-huurooreenkoms met Naspers Eiendomme Eiendoms Beperk gesluit vir die huur van die Media24-sentrum in Kaapstad. Die uitkoms was 'n reg-van-gebruik-bate en ooreenkomstige bruikhuurverpligting van R66m. Weens Covid-19 en die gevolglike herstrukturering van die besigheid, is 'n aansuiwering van die reg-van-gebruik-bate (-R5m) en bruikhuurverpligting betaalbaar (-R6m) te boek gestel. Dit het gelei tot 'n aansuiweringswins van R1m wat in die inkomstestaat onder "Ander netto winste" ingesluit is.

Buiten die addisionele reg-van-gebruik-bate vir die bruikhuur van die Media24-sentrum (+R61m) is die beweging hoofsaaklik as gevolg van waardevermindering vir die tydperk (-R53m) en bedryfsverkrygings en -vervreemdings (+R29m).



ince

### 8. Klandisiewaarde

| | Ses maande geëindig 30 September | | Jaar geëindig 31 Maart |
|---|---|---|---|
| | **2020 Nagegaan R'm** | 2019 Nagegaan R'm | 2020 Geouditeer R'm |
| **Koste** | | | |
| Beginsaldo | **244** | 299 | 299 |
| Verkryging van filiale/besigheid | **28** | 3 | – |
| Vervreemding van filiale/besigheid | **–** | – | (26) |
| Herklassifiserings | **–** | – | (29) |
| **Eindsaldo** | **272** | 302 | 244 |
| **Opgelope waardedaling** | | | |
| Beginsaldo | **15** | 41 | 41 |
| Vervreemding van filiale/besigheid | **–** | – | (26) |
| Waardedaling | **34** | 26 | 29 |
| Herklassifiserings | **–** | – | (29) |
| **Eindsaldo** | **49** | 67 | 15 |
| **Netto boekwaarde** | **223** | 235 | 229 |

Die groep het 'n waardedalingsverlies van R34m erken omdat die verhaalbare bedrag van sy kontrakuitgewery minder was as die drawaarde. Die waardedalingsdebiet is in die inkomstestaat onder "Ander netto winste" ingesluit.

Die verhaalbare bedrag is gegrond op gebruikswaardeberekeninge. Die bestuur het 'n vyfjaar- geprojekteerde kontantvloeimodel gebruik, met 'n groeikoers van -10% en 'n geweegde gemiddelde kapitaalkoste van 16%. Die kontantvloeiprojeksies is aangepas om vir Covid-19-implikasies voorsiening te maak. Indien die groeikoers 5% swakker is as verwag, sal die waardedalingsverlies R42m beloop en indien die verdiskonteringskoers met 2% toeneem, sal die waardedalingsverlies R40m wees.

### 9. Beleggings en lenings

| | Ses maande geëindig 30 September | | Jaar geëindig 31 Maart |
|---|---|---|---|
| | **2020 Nagegaan R'm** | 2019 Nagegaan R'm | 2020 Geouditeer R'm |
| Oorspronglenings | **2** | 2 | 2 |
| Teen billike-waarde-deur-ander-omvattende-inkomste-beleggings[(1)] | **42** | 172 | 115 |
| Teen billike-waarde-deur-wins- of verliesbeleggings | **2** | – | 2 |
| | **46** | 174 | 119 |

*(1) Die groep het 19% in Novus Holdings Limited behou ná die uitkeer van 47.5% aan Naspers op 1 Oktober 2017. Die halfjaarbeweging in die aandeelprys van R1.90 tot R0.69 is teen die billikewaarde-reserwe te boek gestel.*

### 10. Handelsdebiteure

| | Ses maande geëindig 30 September | | Jaar geëindig 31 Maart |
|---|---|---|---|
| | **2020 Nagegaan R'm** | 2019 Nagegaan R'm | 2020 Geouditeer R'm |
| **Drawaarde** | | | |
| Bruto handelsdebiteure | **500** | 634 | 497 |
| *Min:* Afskrywingstoelaag | **(44)** | (37) | (45) |
| | **456** | 597 | 452 |
| *Verwagte afskrywingskoers* | **-9%** | -6% | -9% |

In ooreenstemming met IFRS 9 gebruik die groep historiese wanbetalingskoerse om waarskynlike kredietverliese te bepaal, met inagneming van vooruitskouende makro-ekonomiese faktore. Die groep gebruik die vereenvoudigde benadering om verliestoelae te bereken. Verliestoelae sluit voorsienings in vir waardedalings ten opsigte van spesifieke debiteure waar die invorderbaarheid van bedrae verskuldig, twyfelagtig blyk te wees.

### 11. Voorraad

| | Ses maande geëindig 30 September | | Jaar geëindig 31 Maart |
|---|---|---|---|
| | **2020 Nagegaan R'm** | 2019 Nagegaan R'm | 2020 Geouditeer R'm |
| **Drawaarde** | | | |
| Voltooide produk, handelsvoorraad en verbruiksgoedere | **518** | 549 | 473 |
| Onvoltooide werk | **29** | 21 | 19 |
| Bruto voorraad | **547** | 570 | 492 |
| *Min:* Voorsiening vir stadig bewegende en verouderde voorraad | **(120)** | (84) | (132) |
| Netto voorraad | **427** | 486 | 360 |

### 12. Bates geklassifiseer as gehou vir verkoop

| | Ses maande geëindig 30 September | | Jaar geëindig 31 Maart |
|---|---|---|---|
| | **2020 Nagegaan R'm** | 2019 Nagegaan R'm | 2020 Geouditeer R'm |
| **Nie-bedryfsbates gehou vir verkoop** | | | |
| Eiendom, aanleg en toerusting | **97** | – | 98 |

Gehou-vir-verkoop-bates van R97m bestaan uit kantoorgeboue in Auckland Park (R90m) en Bloemfontein (R7m) wat bestuur besluit het om te verkoop.

Die konsolidering van ons portefeulje eie en gehuurde eiendomme om beter aan besigheidsvereistes te voldoen, is 'n belangrike deel van Media24 se inisiatiewe om ons oorhoofse kostebasis te verlaag en maksimum opbrengs op ons bates te verseker. Die oordrag van eiendomme word vertraag weens die staat van inperking en sedert jaareinde is oordrag van slegs die geboue in Klerksdorp en Newcastle voltooi. Die oordrag van die ander geboue sal na verwagting teen Maart 2021 afgehandel wees.

### 13. Inkomste uit kontrakte met kliënte

| | Ses maande geëindig 30 September | | Jaar geëindig 31 Maart |
|---|---|---|---|
| | **2020 Nagegaan R'm** | 2019 Nagegaan R'm | 2020 Geouditeer R'm |
| **Inkomste** | | | |
| Intekenaar-inkomste | **102** | 102 | 201 |
| Sirkulasie-inkomste | **299** | 414 | 820 |
| Advertensie-inkomste | **491** | 842 | 1 645 |
| Verspreidingsinkomste | **213** | 191 | 398 |
| Inkomste uit boekuitgewery en -verkope | **158** | 256 | 546 |
| Inkomste uit e-handel | **545** | 395 | 867 |
| Inkomste uit kontrakuitgewery | **33** | 57 | 105 |
| Ander inkomste | **73** | 94 | 207 |
| | **1 914** | 2 351 | 4 789 |

Die groep het die volgende bates en verpligtinge wat verband hou met inkomste uit kontrakte met kliënte in die verkorte gekonsolideerde staat van finansiële posisie erken:

| | Ses maande geëindig 30 September | | Jaar geëindig 31 Maart |
|---|---|---|---|
| | **2020 Nagegaan R'm** | 2019 Nagegaan R'm | 2020 Geouditeer R'm |
| Kontrakbates | **3** | 5 | 5 |
| Kontrakverpligtinge | **174** | 184 | 131 |

### 14. Ander netto winste

| | Ses maande geëindig 30 September | | Jaar geëindig 31 Maart |
|---|---|---|---|
| | **2020 Nagegaan R'm** | 2019 Nagegaan R'm | 2020 Geouditeer R'm |
| Wins/(Verlies) uit eiendom, aanleg en toerusting | **1** | – | (1) |
| Wins uit ontasbare bates | **–** | 10 | 9 |
| Waardedaling van klandisiewaarde (verwys na aantekening 8) | **(34)** | (26) | (29) |
| Waardedaling van ander ontasbare bates met 'n bepaalde nutsduur | **(17)** | – | (20) |
| Waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting | **(1)** | – | (1) |
| Waardedaling van ander bates | **–** | – | (4) |
| Wins uit vereffening van verpligtinge (verwys na aantekening 7) | **1** | – | – |
| Dividende uit beleggings | **–** | 18 | 18 |
| | **(50)** | 2 | (28) |

### 15. Billike waarde van finansiële instrumente

**30 September 2020**

| | Vlak 1 R'm | Vlak 2 R'm | Vlak 3 R'm | Totaal R'm |
|---|---|---|---|---|
| **Bates** | | | | |
| Teen billike-waarde-deur-wins- of verliesbeleggings | – | – | 2 | 2 |
| Teen billike-waarde-deur-ander-omvattende-inkomstebeleggings | 42 | – | – | 42 |
| **Totaal** | 42 | – | 2 | 44 |
| **Verpligtinge** | | | | |
| Valutakontrakte | – | 1 | – | 1 |
| **Totaal** | – | 1 | – | 1 |

**30 September 2019**

| | Vlak 1 R'm | Vlak 2 R'm | Vlak 3 R'm | Totaal R'm |
|---|---|---|---|---|
| **Bates** | | | | |
| Valutakontrakte | – | 1 | – | 1 |
| Teen billike-waarde-deur-ander-omvattende-inkomstebeleggings | 171 | – | – | 171 |
| **Totaal** | 171 | 1 | – | 172 |
| **Verpligtinge** | | | | |
| Besigheidsamevoegingsverpligtinge | – | – | 51 | 51 |
| **Totaal** | – | – | 51 | 51 |

**31 Maart 2020**

| | Vlak 1 R'm | Vlak 2 R'm | Vlak 3 R'm | Totaal R'm |
|---|---|---|---|---|
| **Bates** | | | | |
| Valutakontrakte | – | 3 | – | 3 |
| Teen billike-waarde-deur-wins- of verliesbeleggings | – | – | 2 | 2 |
| Teen billike-waarde-deur-ander-omvattende-inkomstebeleggings | 115 | – | – | 115 |
| **Totaal** | 115 | 3 | 2 | 120 |
| **Verpligtinge** | | | | |
| Besigheidsamevoegingsverpligtinge | – | – | 8 | 8 |
| **Totaal** | – | – | 8 | 8 |

*Vlak 1: Billikewaardemetings is metings verkry van gekwoteerde (onverrekende) pryse in aktiewe markte vir identiese bates of laste.*

*Vlak 2: Billikewaardemetings is metings verkry van insette buiten gekwoteerde pryse ingesluit by vlak 1 wat waarneembaar is vir die bate of las, hetsy direk (dws as pryse) of indirek (dws afgelei van pryse).*

*Vlak 3: Billikewaardemetings is metings verkry van waardasiemetodes wat insette vir die bate of las gebruik wat nie op waarneembare markdata gebaseer is nie (onwaarneembare insette).*

### 16. Verpligtinge en voorwaardelike aanspreeklikhede

| | Ses maande geëindig 30 September | | Jaar geëindig 31 Maart |
|---|---|---|---|
| | **2020 Nagegaan R'm** | 2019 Nagegaan R'm | 2020 Geouditeer R'm |
| Kapitaalbesteding | **6** | – | 2 |
| Bruikhuurverpligtinge | **4** | 27 | 3 |
| Ander verpligtinge[(1)] | **126** | – | 51 |
| | **136** | 27 | 56 |

*(1) Onvervulde koopopdragte by Superbalist.*

### 17. Verwanteparty-transaksies

Die groep het in die gewone gang van sake verskillende verwanteparty-transaksies aangegaan. Op 23 Maart 2020 het Naspers Beperk sy leningseis van R558m teen Media24 Beherend Eiendoms Beperk sonder vergoeding aan Media24 Eiendoms Beperk geskenk en gesedeer. Afgesien van hierdie verandering was daar geen wesenlike veranderinge in verwanteparty-transaksies en -saldo's sedert die vorige oorsigtydperk nie.

Die groep neem deel aan 'n kontantpoelskema van die Naspers-groep. Ingesluit in "Lenings en bedrae ontvangbaar" is kontant ten bedrae van R580m (September 2019: R828m) wat by Naspers Tesourie belê is. Kontant aangewend gedurende die tydperk word in "Intergroep- en verwanteparty-lenings verkry" onder finansieringsaktiwiteite in die kontantvloeistaat ingesluit.

### 18. Beduidende besigheidsamevoegings

Met ingang van 1 April 2020 het Media24 Eiendoms Beperk 'n 100%-aandeelhouding in die Londense boekuitgewer, Icon Books Limited, vir R33m verkry. Dit het die erkenning van klandisiewaarde ten bedrae van R10m tot gevolg gehad.

Met ingang van 1 Junie 2020 het Media24 Eiendoms Beperk 'n 100%-aandeelhouding in 'n digitale agentskap, Swipe Interactive Eiendoms Beperk, vir R23m verkry. Dit het die erkenning van klandisiewaarde ten bedrae van R19m tot gevolg gehad.

### 19. Covid-19-beoordeling en lopende saak

Media24 se nuwe boekjaar het minder as 'n week ná die instel van vlak 5-inperkings weens die Covid-19-pandemie begin, met regulasies wat die verspreiding en verkoop van drukmedia ingekort en algemene handel tot noodsaaklike goedere, hoofsaaklik kos, beperk het. Hierdie beperkings is baie geleidelik verslap totdat vlak 1 op 21 September bereik is, net 'n paar dae voor die einde van die eerste helfte van die jaar.

Media24 het die volle impak van die Covid-19-pandemie gevoel en handelsresultate was heelwat laer as die vorige jaar. Ons reeds kwesbare drukmedia is veral kwaai getref, wat slegs gedeeltelik teengewerk is deur sterk vertonings by ons digitale en e-handelsverwante besighede. As gevolg hiervan is die oorsigtydperk ook gekenmerk deur daadwerklike ingrepe om verliese te versag en wesenlike aanpassings te laat tred hou met die hoogs uitdagende handelswerklikhede. Ons het egter 'n sterk fondasie vir die res van die finansiële jaar behou.

Die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state is opgestel op die rekeningkundige beleidsgrondslag van toepassing op 'n lopende saak. Hierdie grondslag veronderstel dat fondse beskikbaar sal wees om toekomstige werksaamhede te finansier en dat die realisering van bates en vereffening van verpligtinge, onvoorsiene verpligtinge en verbintenisse in die gewone gang van sake sal plaasvind.

Die direksie is van mening dat die groep, gegewe sy likiditeitsposisie op 30 September 2020, voldoende finansiële veerkragtigheid het om die verwagte negatiewe uitwerking van Covid-19 op die groep se besighede in die tweede helfte van die 2021-boekjaar teen te werk.

### 20. Latere gebeurtenisse

Buiten die voortgesette impak van Covid-19 was daar geen gebeurtenisse van wesenlike belang vir die finansiële sake van die groep tussen die balansstaatdatum en die datum waarop die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state goedgekeur is nie.

### 21. Kontant aangewend in bedryfsaktiwiteite

| | Ses maande geëindig 30 September | | Jaar geëindig 31 Maart |
|---|---|---|---|
| | **2020 Nagegaan R'm** | 2019 Nagegaan R'm | 2020 Geouditeer R'm |
| Bedryfsverlies soos per inkomstestaat | **(453)** | (53) | (222) |
| *Aanpassings:* Nie-kontant en ander bewegings | **183** | 94 | 276 |
| Bedryfskapitaalbewegings | **(42)** | (182) | (5) |
| **Kontant (aangewend in)/uit bedryfsaktiwiteite** | **(312)** | (141) | 49 |

## ANDER INLIGTING

### REKONSILIASIE VAN BEDRYFSVERLIES NA HANDELSVERLIES

| | Ses maande geëindig 30 September | | Jaar geëindig 31 Maart |
|---|---|---|---|
| | **2020 Nagegaan R'm** | 2019 Nagegaan R'm | 2020 Geouditeer R'm |
| **Bedryfsverlies** | **(453)** | (53) | (222) |
| Amortisasie van ontasbare bates (sagteware uitgesluit) | **10** | 11 | 23 |
| Ander netto winste | **50** | (2) | 28 |
| Aandeelgebaseerde betalingskoste – ekwiteitsvereffen | **11** | 19 | 25 |
| Rente op finansiële bruikhuurkontrakte | **(5)** | (3) | (6) |
| **Handelsverlies** | **(387)** | (28) | (152) |

### BEREKENING VAN WESENS- EN KERNWESENSVERLIES

| | Ses maande geëindig 30 September | | Jaar geëindig 31 Maart |
|---|---|---|---|
| | **2020 Nagegaan R'm** | 2019 Nagegaan R'm | 2020 Geouditeer R'm |
| **Netto (verlies)/wins toeskryfbaar aan aandeelhouers** | **(373)** | 1 | (48) |
| Aangesuiwer vir: | | | |
| – Waardedaling van klandisiewaarde/ander bates | **53** | 26 | 54 |
| – Wins uit verkoop van eiendom, aanlegte, toerusting en ontasbare bates | **(1)** | (10) | (8) |
| – Wins uit vereffening van verpligtinge | **(1)** | – | – |
| – Groei op winskoopverkryging erken met verkryging | **–** | – | (6) |
| – Wins uit verkoop van beleggings | **–** | (1) | (21) |
| Totale aansuiwering vir nie-beherende belang | **–** | – | 3 |
| **Wesens(verlies)/-wins** | **(322)** | 16 | (26) |
| Aangesuiwer vir: | | | |
| – Amortisasie van ontasbare bates (sagteware uitgesluit) | **4** | 8 | 8 |
| – Valuta(winste)/-verliese | **2** | (2) | 1 |
| – De-erkenning van uitgesteldebelasting-bates wat verband hou met verliese van die vorige jaar | **–** | 22 | 20 |
| – Hermeting van toekomstige voorwaardelike betalings | **(9)** | – | (3) |
| – Ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde betalingskoste | **10** | 19 | 25 |
| **Kernwesens(verlies)/-wins** | **(315)** | 63 | 25 |

Handelsverlies sluit die amortisasie van ontasbare bates (sagteware uitgesluit), ander winste of verliese en ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde vergoedingskoste uit en rente op finansiële bruikhuurkontrakte in. Kernwesensverdienste sluit eenmalige en nie-bedryfsitems uit. Na ons mening is dit 'n nuttige maatstaf van die groep se volhoubare bedryfsprestasie. Dit is egter nie 'n omskrewe term ingevolge IFRS nie en is nie noodwendig vergelykbaar met maatstawwe met soortgelyke name wat deur ander maatskappye in hul verslae gebruik word nie.

**Direkteure**

R C C Jafta (voorsitter), M I Davidson (uitvoerende hoof), T D Petersen, J P Bekker, K R Mthimunye, J C Held, E Weideman, M Patel

**Groepmaatskappysekretaris**

L J Jacquet

**Geregistreerde kantoor**

Heerengracht 40, Kaapstad 8001 (Posbus 2271, Kaapstad 8000)

**Oordragsekretaris**

Singular Systems Eiendoms Beperk
Scottstraat 25, Waverley 2090 (Posbus 1266, Bramley 2018)

**ONAFHANKLIKE OUDITEUR SE OORSIGVERSLAG OP TUSSENTYDSE FINANSIËLE STATE**

*Aan die Aandeelhouers van Media24 Beherend Eiendoms Beperk*

Ons het die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state van *Media24 Beherend Eiendoms Beperk* in die meegaande tussentydse verslag, wat bestaan uit die verkorte gekonsolideerde staat van finansiële posisie soos op 30 September 2020, en die verwante verkorte gekonsolideerde inkomstestaat, en die verkorte staat van omvattende inkomste, veranderings in ekwiteit en kontantvloeie vir die ses-maande periode wat op daardie datum geëindig het, en geselekteerde verduidelikende aantekeninge, nagesien.

*Direkteure se Verantwoordelikheid vir die Tussentydse Finansiële State*

Die direkteure is verantwoordelik vir die opstel en voorstelling van hierdie tussentydse finansiële state ooreenkomstig die 'International Financial Reporting Standard (IAS) 34 *Interim Financial Reporting'*, en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika, en vir sodanige interne beheer as wat die direkteure nodig ag om die opstel van tussentydse finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, in staat te stel.

*Ouditeur se Verantwoordelikheid*

Dit is ons verantwoordelikheid om 'n gevolgtrekking oor hierdie tussentydse finansiële state uit te spreek. Ons het ons oorsig ooreenkomstig die 'International Standard on Review Engagements 2410, *Review of Interim Financial Information Performed by the Independent Auditor of the Entity*' uitgevoer. ISRE 2410 vereis van ons om tot 'n gevolgtrekking te kom of enigiets onder ons aandag gekom het wat ons laat glo dat die tussentydse finansiële state nie in alle wesenlike opsigte opgestel is ooreenkomstig die toepaslike finansiële verslagdoeningsraamwerk nie. Hierdie Standaard vereis ook dat ons aan relevante etiese vereistes voldoen.

'n Oorsig van tussentydse finansiële state ooreenkomstig ISRE 2410 is 'n beperkte gerusstellingsaanstelling. Ons voer prosedures uit wat hoofsaaklik bestaan uit die rig van navrae aan bestuur en ander persone binne die entiteit, soos toepaslik, en die toepassing van analitiese prosedures, en evalueer die bewyse wat verkry is.

Die prosedures wat uitgevoer word tydens 'n oorsig is aansienlik minder as dié wat tydens 'n oudit ooreenkomstig 'International Standards on Auditing' uitgevoer word. Dienooreenkomstig spreek ons nie 'n ouditmening oor hierdie tussentydse finansiële state uit nie.

*Gevolgtrekking*

Gebaseer op ons oorsig, het niks onder ons aandag gekom wat ons laat glo dat die meegaande verkorte gekonsolideerd tussentydse finansiële state van Media24 Beherend Eiendoms Beperk vir die ses-maande periode wat op 30 September 2020 geëindig het nie, in alle wesenlike opsigte, opgestel is ooreenkomstig die 'International Financial Reporting Standard, (IAS) 34 *Interim Financial Reporting'*, en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika nie.

*Ander Aangeleentheid*

Ons het nie die toekomstige finansiële prestasie en verwagtinge, wat deur die direkteure ingesluit is in die kommentaar in die meegaande tussentydse finansiële state, nagegaan nie en spreek dienooreenkomstig nie 'n gevoltrekking daaroor uit nie.

PricewaterhouseCoopers Geïnk

**PricewaterhouseCoopers Geïnk.**
**Direkteur: Viresh Harri**
**Geregistreerde Ouditeur**
**Kaapstad**
**23 November 2020**

PricewaterhouseCoopers Geïnk., 5 Silo Square, V&A Waterfront, Kaapstad, 8002
Posbus 2799, Kaapstad, 8001
T: +27 (0) 21 529 2000, F: +27 (0) 21 814 2000, www.pwc.co.za

Hoof Uitvoerende Beampte: L S Machaba
Die Maatskappy se besigheidsadres is te Lisbonlaan 4, Waterfall City, Jukskei View, waar 'n lys van die direkteure se name ter insae is.
Reg-nr. 1998/012055/21, BTW reg-nr. 4950174682.